"Hy verander van vorm!" gil Charlie. "Daai een naaste aan ons! Wat gaan hy doen? Hy raak al langer en langer!" En dis waar. Die kolossale, eiervormige lyf rek nou soos kougom uit en word langer en langer en dunner en dunner, totdat dit op die ou end lyk presies
soos 'n lang, glibberige groen slang so dik soos 'n dik boomstam en so lank soos 'n sokkerveld. Vooraan is die oë, groot en wit met rooi

pupille, agter 'n soort stert wat geleidelik dunner word en reg agter aan die punt van die stert die yslike, ronde, opgeswelde knop waar hy die Glashyser getref het.
Die mense wat in die hyser rondsweef, kyk en wag. Dan
sien hulle hoe die lang, touagtige Wroet omdraai en reguit maar nogal stadig na die Groot Glashyser toe aankom. Dan begin hy sy touerige lyf om die Glashyser krul. Een keer om … dan 'n tweede keer, en dis vreesaanjaend om binne-in te wees en te sien hoe die sagte groen lyf net
'n paar duim van jou af teen die buitekant van die glas
vassuig.
"Hy knoop ons soos 'n pakkie toe!" gil ouma
Josephine.
"Onsin!" sê meneer Wonka.
"Hy gaan ons met sy wurmlyf papdruk!" kerm ouma
Georgina.
"Nooit!" sê meneer Wonka.
Charlie loer vinnig terug na die Vervoerkapsule. Shuckworth, Shanks en Showier se lakenwit gesigte is teen die klein venstertjies se glas vasgedruk; hulle lyk angsbevange, verbyster, verstom, hul monde oop, hul uitdrukkings gevries soos visvingers. Charlie wys weer vir hulle die houmoed-teken. Showier beantwoord dit met
'n flou grynslaggie, maar dis al.
"O, o, o!" skree ouma Josephine. "Kry daardie aaklige, slymerige ding hier weg!"
Noudat die Wroet sy lyf twee keer om die hyser gekrul
het, maak hy 'n knoop met sy twee punte, 'n goeie, sterk knoop, links oor regs, dan regs oor links. Hy trek die
knoop styf en daar bly nog 'n los stuk oor. Dit is die stxik met die oë in. Maar dit hang nie vir lank so los nie. Dit krul op in die vorm van 'n reusehaak asof dit wag vir iets om aan vas te haak.
Terwyl dit alles aan die gang is, kom niemand agter wat die ander Wroete aanvang nie. "Meneer Wonka!" gil Charlie. "Kyk vir die ander! Wat doen hulle?"
Ja, wat?
Hulle het intussen ook almal van vorm verander en langer geword, maar nie naastenby so lank of so dun soos die eerste een nie. Elkeen van hulle het homself in 'n soort dik kabel verander en die kabel se punte is albei omgebuig - aan die agteren aan die voorkant - sodat elkeen 'n haak vorm. En nou haak al die hake by mekaar in en vorm een lang ketting … eenduisend Wroete … almal haak bymekaar in en vorm 'n ketting Wroete van
'n halfmyl of langer! En die Wroet heel vooraan die
ketting (wie se haak natuurlik nie aan enigiets vasgehaak is nie) sleep

hulle in ’n wye kring al nader aan die Groot Glashyser.
“Haai!” skree oupa Joe. “Hulle gaan kom inhaak by hierdie vullis wat homself om ons vasgebind het!”
“En ons dan wegsleep!” roep Charlie uit.
“Na die planeet Wurmus toe,” snak ouma Josephine. “Agtienduisend vierhonderd sewe-en-twintig myl hier-vandaan!”
“Hulle kan dit nie wil doen nie!” skree meneer Wonka. “Om doen die sleepwerk hier rond!”
“Hulle gaan by hom inhaak, meneer Wonka!” sê Charlie. “Hulle gaan rêrig! Kan ons hulle nie keer nie? Hulle gaan ons wegsleep en hulle gaan die mense wat ons wegsleep saam met ons wegsleep!”
“Doen iets aan hierdie gekkerny!” krys ouma Georgina. “Moenie net daar rondsweef en vir hulle kyk nie!”
“Ek moet erken,” sê meneer Wonka, “ek weet vir die
eerste keer in my lewe nie wat om te doen nie.”
Hulle almal staar in afgryse deur die glas na die lang ketting WurmWroete. Die ketting se leier kom nader en nader. Die haak met die groot, kwaai oë is uitgestrek en gereed. Nog dertig sekondes, dan gaan hy inhaak by die Wroet wat homself om die hyser vasgebind het.
“Ek wil huis toe gaan!” weeklaag ouma Josephine. “Hoekom kan ons nie net almal huis toe gaan nie?”
“Dawerende doedelsakke!” skree meneer Wonka.
“Huis toe gaan! Goeie idee! Waar op aarde was my gedagtes! Komaan, Charlie! Gou! Ons moet die Aarde se atmosfeer weer binnedring! Vat jy die geel knoppie! Druk hom vir al wat jy werd is! Ek sal hierdie spulletjie hanteer! Charlie en meneer Wonka vlieg letterlik tot by die knoppies. “Hou vas julle hoedens!” skree meneer Wonka. “Gryp wat julle te grype het! Ons gaan af ondertoe!”
Vuurpyle begin aan alle kante van die Glashyser ontbrand. Hy draai skuins, steier en slinger tot naarwordens toe en stort die Aarde se atmosfeer dan teen ’n absoluut verbysterende spoed binne. “Truvuurpyle!” bulder meneer Wonka. “Ek moenie vergeet om die truvuurpyle af te skiet nie!” Hy vlieg oor na ’n ander reeks knoppies en begin op hulle speel soos op ’n klavier.
Die hyser skiet kop eerste en onderstebo ondertoe en die passasiers kom agter hulle sweef nou ook onderstebo. “Help!” gil ouma Georgina. “Al die bloed gaan na my kop toe!”
“Nou draai dan net om,” sê meneer Wonka. “Dis maklik genoeg, of hoe?”
Almal hyg en blaas en slaan bollemakiesie in die lug
totdat hulle almal uiteindelik weer regop is. “Hoe hou die sleeptou, Oupa?” roep meneer Wonka uit.
“Hulle is nog met ons, meneer Wonka! Die tou hou nog goed!”
Dis ’n verstommende gesig - die Glashyser pyl af Aarde toe met die

yslike Vervoerkapsule op sleeptou agter hom aan. Maar die lang ketting Wroete kom ook saam en volg hulle ondertoe. Hulle hou maklik by en die voorste Wroet in die ketting se haak reik nou uit en gryp na die haak wat die Wroet om die hyser gevorm het!
"Ons is te laat!" skree ouma Georgina. "Hulle gaan by ons inhaak en ons terugtrek!"
"Ek twyfel," sê meneer Wonka. "Onthou julle nie wat gebeur wanneer 'n Wroet die Aarde se atmosfeer teen
'n hoë spoed binnedring nie? Hy raak rooiwarm. Hy verskroei tot 'n lang vuurspoor. Hy word 'n verskietende Wroet. Hierdie vieslike goed gaan binnekort soos springmielies begin spring!"
Soos wat hulle ondertoe voortsnel, begin die vonke van die hyser se kante af spat. Die glas gloei pienk, dan rooi, dan vuurrooi. Vonke begin ook van die lang ketting Wroete af spat en die Wroet voor in die ketting begin soos 'n rooiwarm vuuryster gloei. Al die ander ook. En ook die groot, glibberige een wat homself om die hyser vasgeknoop het. Hy probeer in werklikheid naarstiglik loskom sodat hy kan ontsnap, maar die knoop is te styf en binne nog tien sekondes begin hy sissend braai.
1 iulle kan hom tot binne-in die hyser hoor sis en spat.
Hy maak 'n geluid soos spek wat braai. En presies dieselfde gebeur met die duisend ander Wroete in die ketting. Die geweldige hitte verskroei hulle eenvoudig heeltemal. Hulle is rooiwarm, elke enkele een van hulle. Dan word hulle skielik witwarm en verander in 'n verblindende wit ligstraal.
"Hulle's verskietende Wroete!" skree Charlie.
"Wat 'n voortreflike gesig," sê meneer Wonka. "Dis beter as vuurwerke."
'n Paar sekondes later het al die Wroete in 'n aswolk weggewaai en dis alles verby. "Ons het dit reggekry!" roep meneer Wonka uit. "Hulle's gaar gebraai! So gaar soos garras, so raar soos rarras! Ons basse is gered!"
"Wat bedoel jy gered?" sê ouma Josephine. "Ons
gaan self ook gebraai word as dit veel langer so aanhou! Gebraai soos braaivleis! Kyk na daai glas! Dis warmer as
'n braaipan!"
"Moenie vrees nie, geagte dame," antwoord meneer Wonka. "My hyser is lugverkoel, geventileer, belug en geoutomatiseer op elke denkbare manier. Ons sal niks oorkom nie."
"Ek het nie die vaagste benul wat aangaan nie," maak mevrou Bucket een van haar seldsame opmerkings. "Maar wat dit ook al is, ek hou nie daarvan nie."
"Is dit nie vir Mamma lekker nie?" vra Charlie.
"Nee," sê sy. "Nie vir my nie, en ook nie vir jou pa

me*
“Wat ’n wonderlike gesig!” sê meneer Wonka. “Kyk net die Aarde daar onder, Charlie. Kyk hoe word dit groter en groter!”
“En ons pyl teen tweeduisend myl ’n uur daarop af!”
kreun ouma Georgina. “Hoe de ongeluk gaan ons spoed
verminder? Julle het nie daaraan gedink nie, het julle?” “Hy’t valskerms,” sê Charlie vir haar. “Ek wed Ouma
hy’t yslike groot valskerms wat sal oopgaan net voor ons die grond tref.”
“Valskerms!” sê meneer Wonka verontwaardig. “Valskerms is net vir ruimtevaarders en sissies! En in elk geval, ons wil nie spoed verminder nie. Ons wil spoed optel. Ek het julle mos al gesê ons moet teen ’n absoluut geweldige spoed vlieg wanneer ons dit tref. Anders gaan ons nooit ’n gat in die Sjokoladefabriek se dak maak me.
“Wat van die Vervoerkapsule?” vra Charlie benoud.
“Ons sal hulle oor ’n paar sekondes loslaat,” antwoord meneer Wonka. “Hulle het valskerms, nogal drie, om hulle spoed teen die einde te breek.”
“Hoe weet ons ons gaan nie in die Stille Oseaan
neerstort nie?” vra ouma Josephine.
“Ek weet nie,” sê meneer Wonka. “Maar ons kan almal swem, of hoe?”
“Hierdie man,” skree ouma Josephine, “is so kens soos
’n kraai.”
“Hy’s so koekoes soos ’n koekoek!” gil ouma
Georgina.
Laer en laer stort die Groot Glashyser. Nader en nader kom die Aarde daar onder. Oseane en kontinente jaag hulle tegemoet, doem al groter en groter voor hulle op …
“Oupa Joe! Gooi uit die tou! Maak hom los!” beveel meneer Wonka. “Hulle sal nou op hul eie regkom, solank hul valskerms werk.”
“Tou los!” kondig oupa Joe aan en die reusagtige
Vervoerkapsule, wat nou op sy eie is, swenk na die een
kant toe weg. Charlie waai vir die drie ruimtevaarders in die voorste venster. Nie een van hulle waai terug nie. Hulle sit nog steeds daar in skok en verbystering en staar na die ou dames en die ou here en die seun wat in die Glashyser rondsweef.
“Dis nou nie meer lank nie,” sê meneer Wonka en reik uit na ’n ry ligblou knoppies in die een hoek. “Ons sal binnekort weet of ons lewendig of dood hier gaan uitkom. Bly asseblief hierdie laaste entjie tjoepstil. Ek moet verskriklik hard konsentreer, anders gaan ons op die verkeerde plek beland.”
Hulle duik deur ’n dik wolkbank en vir tien sekondes kan hulle niks sien nie. Wanneer hulle deur die wolke breek, het die Vervoerkapsule verdwyn en die Aarde is baie naby en onder hulle is daar berge en

woude … dan velde en bome … dan ’n klein dorpie.
“Daar is dit!” roep meneer Wonka uit. “My
Sjokoladefabriek! My geliefde Sjokoladefabriek!”
“U bedoel Charlie se Sjokoladefabriek,” sê oupa Joe. “Dis reg!” sê meneer Wonka en draai na Charlie. “Ek
het skoon vergeet! Vergewe my, my liewe seun. Natuurlik
is dit joune! En hier gaan ons!”
Deur die hyser se glasvloer sien Charlie die reusagtige fabriek se yslike rooi dak en hoë skoorstene. Hulle pyl nou regu it daarop af.
“Hou asem op!” skree meneer Wonka. “Druk julle neuse en oë toe! Maak julle sitplekgordels vas en sê julle gebedjies op! Ons gaan deur die dak duik!”

Back to the Chocolate Factory

And then the noise of splintering wood and broken glass and absolute darkness and the most awful crunching sounds as the Elevator rushed on and on, smashing everything before it.

All at once, the crashing noises stopped and the ride became smoother and the Elevator seemed to be travelling on guides or rails, twisting and turning like a roller-coaster. And when the lights came on, Charlie suddenly realized that for the last few seconds he hadn’t been floating at all. He had been standing normally on the floor. Mr Wonka was on the floor, too, and so was Grandpa Joe and Mr and Mrs Bucket and also the big bed. As for Grandma Josephine, Grandma Georgina and Grandpa George, they must have fallen right back on to the bed because they were now all three on top of it and scrabbling to get under the blanket.

‘We’re through!’ yelled Mr Wonka. ‘We’ve done it! We’re in!’ Grandpa Joe grabbed him by the hand and said, ‘Well done, sir! How splendid! What a magnificent job!’

‘Where in the world are we now?’ said Mrs Bucket.

‘We’re back, Mother!’ Charlie cried. ‘We’re in the Chocolate Factory!’

‘I’m very glad to hear it,’ said Mrs Bucket. ‘But didn’t we come rather a long way round?’

‘We had to,’ said Mr Wonka, ‘to avoid the traffic.’

‘I have never met a man,’ said Grandma Georgina, ‘who talks so much

absolute nonsense!'

'A little nonsense now and then, is relished by the wisest men,' Mr Wonka said.

'Why don't you pay some attention to where this crazy Elevator's going!' shouted Grandma Josephine. 'And stop footling about!'

'A little footling round about, will stop you going up the spout,' said Mr Wonka.

'What did I tell you!' cried Grandma Georgina. 'He's round the twist! He's bogged as a beetle! He's dotty as a dingbat! He's got rats in the roof! I want to go home!'

'Too late,' said Mr Wonka. 'We're there!' The Elevator stopped. The doors opened and Charlie found himself looking out once again at the great Chocolate Room with the chocolate river and the chocolate waterfall, where everything was eatable — the trees, the leaves, the grass, the pebbles and even the rocks. And there to meet them were hundreds and hundreds of tiny Oompa-Loompas, all waving and cheering. It was a sight that took one's breath away. Even Grandma Georgina was stunned into silence for a few seconds. But not for long. 'Who in the world are all those peculiar little men?' she said.

'They're Oompa-Loompas,' Charlie told her. 'They're wonderful. You'll love them.'

'Ssshh!' said Grandpa Joe. 'Listen, Charlie! The drums are starting up! They're going to sing.'

'Alleluia!' sang the Oompa-Loompas.

'Oh alleluia and hooray!

Our Willy Wonka's back today!

We thought you'd never make it home!

We thought you'd left us all alone!

We knew that you would have to face

Some frightful creatures up in space.

We even thought we heard the crunch

Of someone eating you for lunch …’

‘All right!’ shouted Mr Wonka, laughing and raising both hands. ‘Thank you for your welcome! Will some of you please help to get this bed out of here!’

Fifty Oompa-Loompas ran forward and pushed the bed with the three old ones in it out of the Elevator. Mr and Mrs Bucket, both looking completely overwhelmed by it all, followed the bed out. Then came Grandpa Joe, Charlie and Mr Wonka.

‘Now,’ said Mr Wonka, addressing Grandpa George, Grandma Georgina and Grandma Josephine. ‘Up you hop out of that bed and let’s get cracking. I’m sure you’ll all want to lend a hand running the factory.’

‘Who, us?’ said Grandma Josephine.

‘Yes, you,’ said Mr Wonka.

‘You must be joking,’ said Grandma Georgina.

‘I never joke,’ said Mr Wonka.

‘Now just you listen to me, sir!’ said old Grandpa George, sitting up straight in bed. ‘You’ve got us into quite enough tubbles and trumbles for one day!’

‘I’ve got you out of them, too,’ said Mr Wonka proudly. ‘And I’m going to get you out of that bed as well, you see if I don’t!’

Terug in die Sjokoladefabriek

KADWAR! Daar is die geluid van hout wat versplinter en glas wat breek en absolute donkerte en die afgryslikste kraakgeluide soos wat die hyser verder en verder neerstort en alles voor die voet verpletter.
Skielik hou die breekgeluide op en hulle beweeg egaliger asof die hyser op spore loop en soos ’n tuimeltrein draai en swaai. En wanneer die ligte aangaan, besef Charlie skielik dat hy die laaste paar sekondes glad nie gesweef het nie. Hy het gewoonweg op die vloer gestaan. Meneer Wonka staan ook op die vloer, en so ook oupa Joe en meneer

en mevrou Bucket en die groot bed. Ouma Josephine, ouma Georgina en oupa George moes terug op die bed geval het, want hulle sit nou al drie daarop en skarrel om onder ciie beddegoed in te kom.
“Ons is deur die dak!” gil meneer Wonka. “Ons het dit
reggekry! Ons is in!” Oupa Joe gryp hom aan die hand en sê: “Knap gedaan, meneer! Manjifiek! ’n Voortreflike stukkie werk!”
“Waar in die wêreld is ons nou?” vra mevrou Bucket. “Ons is terug, Mamma!” roep Charlie uit. “Ons is in
die Sjokoladefabriek!”
“Ek is baie bly om dit te hoor,” sê mevrou Bucket. “Maar het ons nie met ’n taamlike ompad langs gekom nie?”
“Ons moes,” sê meneer Wonka. “Om die verkeer te mis*
“Ek het nog nooit ’n man ontmoet,” sê ouma Georgina, “wat so baie bog praat nie!”
“’n Bietjie bog nou en dan behaag ’n wyse man,” sê meneer Wonka.
“Hoekom bepaal jy nie eerder jou aandag by waarheen hierdie simpel hyser gaan nie!” skel ouma Josephine. “En hou op ginnegaap!”
“’n Bietjie ginnegaap vermaak menige aap en swaap,”
sê meneer Wonka.
“Wat het ek julle gesê!” skree ouma Georgina. “Hy’t ’n hele paar skroewe en spykers los! Hy’s so dol soos dolos! Hy’s so gek soos geitjie! Hy’t rotte in sy dak! Ek wil huis toe gaan!”
“Te laat,” sê meneer Wonka. “Ons is hier!” Die hyser kom tot stilstand. Die deure gaan oop en Charlie kyk weer uit oor die groot Sjokoladesaal met die sjokoladerivier en die sjokoladewaterval waar alles eetbaar is - die bome, die blare, die gras, die klippe en selfs die rotse. En daar staan honderde en honderde klein Oempa-Loempas wat almal waai en juig om hulle te verwelkom. Dit ’n gesig wat enigiemand na sy asem sal laat snak. Selfs ouma Georgina is ’n paar sekondes lank stil van verstomming. Maar nie vir té lank nie. “Wie de ongeluk is daardie koddige klein skepseltjies?”
vra sy.
“Hulle’s Oempa-Loempas,” sê Charlie vir haar. “Hulle’s wonderlik. Ouma gaan baie van hulle hou.”
“Sjuut!” sê oupa Joe. “Luister, Charlie! Die tromme
begin speel! Hulle gaan sing.”

“Hoera, hoera!” sing die Oempa-Loempas. “Om Willy Wonka is uiteindelik weer tuis Veilig terug by ons in sy sjokoladehuis!
Ons wag al só lank dat hy moet terugkom, Want ons is heeltemal verlore sonder hom! Ons het geweet hy moes teen ’n monster veg Daar bo in die buitenste ruim, verier iveg! Dankie tog hy het hom toe uitoorlê!
Dis heerlik om hom weer terug te hê!

“Genoeg!” roep meneer Wonka en lag en lig albei sy hande op. “Dankie vir julle verwelkoming! Kan party van julle asseblief kom help om hierdie bed hier uit te kry?”
Vyftig Oempa-Loempas hardloop vorentoe en stoot die bed met die oumense daarin by die hyser uit.
Meneer en mevrou Bucket lyk albei totaal oorweldig deur alles, maar volg die bed buitentoe. Dan kom oupa Joe, Charlie en meneer Wonka.
“Nou toe,” sê meneer Wonka en kyk na oupa George,
ouma Georgina en ouma Josephine. “Spring uit die bed en spring aan die werk. Ek is seker julle wil almal hand bysit met die fabriek se bestuur.”
“Wie, ons?” vra ouma Josephine.
“Ja, julle,” sê meneer Wonka.
“Jy maak seker ’n grap,” sê ouma Georgina.
“Ek maak nooit grappe nie,” sê meneer Wonka. “Luister jy nou vir my, meneer!” sê oupa George en sit
regop in die bed. “Jy het ons al in genoeg moeilikheid en verfoeilikheid vir een dag laat beland!”
“Ek het julle ook daaruit gekry,” sê meneer Wonka
trots. “En ek gaan julle nog uit daai bed ook kry, julle sal sien!”

How Wonka-Vite Was Invented

‘I haven’t been out of this bed in twenty years and I’m not getting out now for anybody!’ said Grandma Josephine firmly.

‘Nor me,’ said Grandma Georgina.

‘You were out of it just now, every one of you,’ said Mr Wonka.

‘That was floating,’ said Grandpa George. ‘We couldn’t help it.’

‘We never put our feet on the floor,’ said Grandma Josephine.

‘Try it,’ said Mr Wonka. ‘You might surprise yourself.’

‘Go on, Josie,’ said Grandpa Joe. ‘Give it a try. I did. It was easy.’

‘We’re perfectly comfortable where we are, thank you very much,’ said Grandma Josephine.

Mr Wonka sighed and shook his head very slowly and very sadly. ‘Oh well,’ he said, ‘so that’s that.’ He laid his head on one side and gazed

thoughtfully at the three old people in the bed, and Charlie, watching him closely, saw those bright little eyes of his beginning to spark and twinkle once again.

Ha-ha, thought Charlie. What's coming now?

'I suppose,' said Mr Wonka, placing the tip of one finger on the point of his nose and pressing gently, 'I suppose … because this is a very special case … I suppose I could spare you just a tiny little bit of …' He stopped and shook his head.

'A tiny little bit of what?' said Grandma Josephine sharply.

'No,' said Mr Wonka. 'It's pointless. You seem to have decided to stay in that bed whatever happens. And anyway, the stuff is much too precious to waste. I'm sorry I mentioned it.' He started to walk away.

'Hey!' shouted Grandma Georgina. 'You can't begin something and not go on with it! What is too precious to waste?'

Mr Wonka stopped. Slowly he turned around. He looked long and hard at the three old people in the bed. They looked back at him, waiting. He kept silent a little longer, allowing their curiosity to grow. The Oompa-Loompas stood absolutely still behind him, watching.

'What is this thing you're talking about?' said Grandma Georgina.

'Get on with it, for heaven's sake!' said Grandma Josephine.

'Very well,' Mr Wonka said at last. 'I'll tell you. And listen carefully because this could change your whole lives. It could even change you.'

'I don't want to be changed!' shouted Grandma Georgina.

'May I go on, madam? Thank you. Not long ago, I was fooling about in my Inventing Room, stirring stuff around and mixing things up the way I do every afternoon at four o'clock, when suddenly I found I had made something that seemed very unusual. This thing I had made kept changing colour as I looked at it, and now and again it gave a little jump, it actually jumped up in the air, as though it were alive. "What have we here?" I cried, and I rushed it quickly to the Testing Room and gave some to the Oompa-Loompa who was on duty there at the time. The result was immediate! It was flabbergasting! It was unbelievable! It was also rather unfortunate.'

‘What happened?’ said Grandma Georgina, sitting up.

‘What indeed,’ said Mr Wonka.

‘Answer her question,’ said Grandma Josephine. ‘What happened to the Oompa-Loompa?’

‘Ah,’ said Mr Wonka, ‘yes … well … there’s no point in crying over spilled milk, is there? I realized, you see, that I had stumbled upon a new and tremendously powerful vitamin, and I also knew that if only I could make it safe, if only I could stop it doing to others what it did to that Oompa-Loompa …’

‘What did it do to that Oompa-Loompa?’ said Grandma Georgina sternly.

‘The older I get, the deafer I become,’ said Mr Wonka. ‘Do please raise your voice a trifle next time. Thank you so much. Now then. I simply had to find a way of making this stuff safe, so that people could take it without … er …’

‘Without what?’ snapped Grandma Georgina.

‘Without a leg to stand on,’ said Mr Wonka. ‘So I rolled up my sleeves and set to work once more in the Inventing Room. I mixed and I mixed. I must have tried just about every mixture under the moon. By the way, there is a little hole in one wall of the Inventing Room which connects directly with the Testing Room next door, so I was able all the time to keep passing stuff through for testing to whichever brave volunteer happened to be on duty. Well, the first few weeks were pretty depressing and we won’t talk about them. Let me tell you instead what happened on the one hundred and thirty-second day of my labours. That morning, I had changed the mixture drastically, and this time the little pill I produced at the end of it all was not nearly so active or alive as the others had been. It kept changing colour, yes, but only from lemon-yellow to blue, then back to yellow again. And when I placed it on the palm of my hand, it didn’t jump about like a grasshopper. It only quivered, and then ever so slightly.

‘I ran to the hole in the wall that led to the Testing Room. A very old Oompa-Loompa was on duty there that morning. He was a bald, wrinkled, toothless old fellow. He was in a wheel-chair. He had been in the wheel-chair for at least fifteen years.

'"This is test number one hundred and thirty-two!" I said, chalking it up on the board.

'I handed him the pill. He looked at it nervously. I couldn't blame him for being a bit jittery after what had happened to the other one hundred and thirty-one volunteers.'

'What had happened to them?' shouted Grandma Georgina. 'Why don't you answer the question instead of skidding around it on two wheels?'

'Who knows the way out of a rose?' said Mr Wonka. 'So this brave old Oompa-Loompa took the pill and, with the help of a little water, he gulped it down. And then, suddenly, the most amazing thing happened. Before my very eyes, queer little changes began taking place in the way he looked. A moment earlier, he had been practically bald, with just a fringe of snowy white hair around the sides and the back of his head. But now the fringe of white hair was turning gold and all over the top of his head new gold hair was beginning to sprout, like grass. In less than half a minute, he had grown a splendid new crop of long golden hair. At the same time, many of the wrinkles started disappearing from his face, not all of them, but about half, enough to make him look a good deal younger, and all of this must have given him a nice tickly feeling because he started grinning at me, then laughing, and as soon as he opened his mouth, I saw the strangest sight of all. Teeth were growing up out from those old toothless gums, good white teeth, and they were coming up so fast I could actually see them getting bigger and bigger.

'I was too flabbergasted to speak. I just stood there with my head poking through the hole in the wall, staring at the little Oompa-Loompa. I saw him slowly lifting himself out of his wheel-chair. He tested his legs on the ground. He stood up. He walked a few paces. Then he looked up at me and his face was bright. His eyes were huge and bright as two stars.

'"Look at me," he said softly. "I'm walking! It's a miracle!"

'"It's Wonka-Vite!" I said. "The great rejuvenator. It makes you young again. How old do you feel now?"

'He thought carefully about this question, then he said, "I feel almost exactly how I felt when I was fifty years old."

'"How old were you just now, before you took the Wonka-Vite?" I asked him.

'"Seventy last birthday," he answered.

'"That means," I said, "it has made you twenty years younger."

'"It has, it has!" he cried, delighted. "I feel as frisky as a froghopper!"

'"Not frisky enough," I told him. "Fifty is still pretty old. Let us see if I can't help you a bit more. Stay right where you are. I'll be back in a twink."

'I ran to my work-bench and began to make one more pill of Wonka-Vite, using exactly the same mixture as before.

'"Swallow this," I said, passing the second pill through the hatch. There was no hesitating this time. Eagerly, he popped it into his mouth and chased it down with a drink of water. And behold, within half a minute, another twenty years had fallen away from his face and body and he was now a slim and sprightly young Oompa-Loompa of thirty. He gave a whoop of joy and started dancing around the room, leaping high in the air and coming down on his toes. "Are you happy?" I asked him.

'"I'm ecstatic!" he cried, jumping up and down. "I'm happy as a horse in a hay-field!" He ran out of the Testing Room to show himself off to his family and friends.

'Thus was Wonka-Vite invented!' said Mr Wonka. 'And thus was it made safe for all to use!'

'Why don't you use it yourself, then?' said Grandma Georgina. 'You told Charlie you were getting too old to run the factory, so why don't you just take a couple of pills and get forty years younger? Tell me that?'

'Anyone can ask questions,' said Mr Wonka. 'It's the answers that count. Now then, if the three of you in the bed would care to try a dose …'

'Just one minute!' said Grandma Josephine, sitting up straight. 'First I'd like to take a look at this seventy-year-old Oompa-Loompa who is

now back to thirty!’

Mr Wonka flicked his fingers. A tiny Oompa-Loompa, looking young and perky, ran forward out of the crowd and did a marvellous little dance in front of the three old people in the big bed. ‘Two weeks ago, he was seventy years old and in a wheel-chair!’ Mr Wonka said proudly. ‘And look at him now!’

‘The drums, Charlie!’ said Grandpa Joe. ‘Listen! They’re starting up again!’

Far away down on the bank of the chocolate river, Charlie could see the Oompa-Loompa band striking up once more. There were twenty Oompa-Loompas in the band, each with an enormous drum twice as tall as himself, and they were beating a slow mysterious rhythm that soon had all the other hundreds of Oompa-Loompas swinging and swaying from side to side in a kind of trance. They then began to chant:

‘If you are old and have the shakes,

If all your bones are full of aches,

If you can hardly walk at all,

If living drives you up the wall,

If you’re a grump and full of spite,

If you’re a human parasite,

THEN WHAT YOU NEED IS WONKA-VITE!

Your eyes will shine, your hair will grow,

Your face and skin will start to glow,

Your rotten teeth will all drop out

And in their place new teeth will sprout.

Those rolls of fat around your hips

Will vanish, and your wrinkled lips

Will get so soft and rosy-pink

That all the boys will smile and wink

And whisper secretly that this

Is just the girl they want to kiss!

But wait! For that is not the most

Important thing of which to boast.

Good looks you'll have, we've told you so,

But looks aren't everything, you know.

Each pill, as well, to you will give

AN EXTRA TWENTY YEARS TO LIVE!

So come, old friends, and do what's right!

Let's make your lives as bright as bright!

Let's take a dose of this delight!

This heavenly magic dynamite!

You can't go wrong, you must go right!

IT'S WILLY WONKA'S WONKA-VITE!'

Hoe Wonka-Jonka uitgevind is

"Ek het twintig jaar laas uit hierdie bed opgestaan en ek gaan nie nou opstaan nie, vir niks of niemand nie!" sê ouma Josephine beslis.
"Ek ook nie," sê ouma Georgina.
"Julle was netnou op, al drie van julle," sê meneer
Wonka.
"Omdat ons gesweef het," sê oupa George. "Ons kon dit nie verhelp nie."
"Ons het ons voete nie een keer op die vloer gesit nie,"
sê ouma Josephine.

“Probeer dit doen,” sê meneer Wonka. “Julle sal dalk aangenaam verras wees.
“Komaan, Josie,” sê oupa Joe. “Probeer. Ekhet. Dit was maklik.”
“Ons is heeltemal gemaklik waar ons is, baie dankie,”
sê ouma Josephine.
Meneer Wonka sug en skud sy kop baie stadig en baie hartseer. “O wel,” sê hy, “dan is dit tot daarna toe.” Hy draai sy kop skuins en kyk diep ingedagte na die drie oumense in die bed. Charlie hou hom fyn dop en sien hoe sy blink klein ogies skielik begin skitter en glinster.
Ha-ha, dink Charlie. Wat nou?
“Ek veronderstel,” sê meneer Wonka en sit die punt van sy een vinger op die punt van sy neus en druk saggies daarop. “Ek veronderstel … aangesien dit so ’n spesiale geval is … Ek veronderstel ek kan seker vir julle ’n klein bietjie gee …” Hy bly stil en skud sy kop.

“’n Klein bietjie wat gee?” vra ouma Josephine skerp. “Nee,” sê meneer Wonka. “Dis sinneloos. Julle het
duidelik besluit om in die bed te bly al gebeur wat ook al. En buitendien, daardie goed is gans te kosbaar om te mors. Ek is jammer ek het dit genoem.” Hy begin wegloop.
“Haai!” roep ouma Georgina. “Jy kan nie iets begin en
dan nie klaarmaak nie! Wat is te kosbaar om te mors?” Meneer Wonka gaan staan. Hy draai stadig om. Hy
kyk lank en ingedagte na die drie oumense in die bed.
Hulle kyk vir hom en wag. Hy bly nog ’n bietjie langer stil sodat hulle nog ’n bietjie nuuskieriger moet word. Die Oempa-Loempas staan tjoepstil agter hom en hou alles dop.
“Waarvan het jy gepraat?” vra ouma Georgina.
“Uit daarmee, om hemelswil!” sê ouma Josephine. “Nou goed,” sê meneer Wonka dan uiteindelik. “Ek
sal julle vertel. En luister mooi, want dit kan julle lewens heeltemal verander. Dit kan selfs julle verander!”
“Ek wil nie verander word nie!” skree ouma Georgina. “Mag ek aangaan, mevrou? Dankie. Nie lank gelede nie
het ek in my Uitvindingsaal rondgevroetel en allerhande
goed geroer en gemeng soos wat ek elke middag vieruur doen, en toe skielik agtergekom ek het iets baie buitengewoon beet. Die mengsel wat ek gemaak het, het aanhoudend van kleur verander terwyl ek daarna kyk, en nou en dan het dit ’n effense sprongetjie gegee, dit het letterlik in die lug opgespring asof dit lewendig is. ‘Wat het ons hierT het ek uitgeroep en dit haastig na die Toetskamer toe gevat en daarvan vir die Oempa-Loempa aan diens gegee. Die resultaat was oombliklik! Dit was verbluffend! Dit was ongelooflik! Dit was ook ietwat rampspoedig.”

“Wat het gebeur?” vra ouma Georgina en sit regop,
“Dit kan u weer vra,” sê meneer Wonka.
“Antwoord haar vraag,” sê ouma Josephine. “Wat het met die Oempa-Loempa gebeur?”
“A,” sê meneer Wonka, “ja … wel … gedane sake het geen keer nie, het dit? Julle sien, ek het besef ek het toevallig ’n nuwe en geweldige sterk vitamien ontdek en ek het geweet as ek dit veilig kon maak, as ek kon keer dat dit aan ander doen wat dit aan die Oempa-Loempa gedoen het…”
“Wat het dit aan daardie Oempa-Loempa gedoen?” vra ouma Georgina streng.
“Hoe ouer ek word, hoe dower raak ek,” sê meneer Wonka. “Praat volgende keer asseblief ’n klein bietjie harder. Baie dankie. Nou ja. Ek moes eenvoudig net ’n manier kry om die mengsel veilig te maak, sodat mense dit kon drink sonder … eh …”
“Sonder wat?” vra ouma Georgina ongeduldig.
“Sonder ’n been om op te staan,” sê meneer Wonka. “So toe rol ek my moue op en spring weet aan die werk in die Uitvindingsaal. Ek het gemeng en gemeng. Ek moes omtrent elke iedere mengsel onder die son uitgetoets het. Terloops, daar is ’n luik in die Uitvindingsaal se een muur wat direk na die Toetskamer langsaan lei, so ek kon die hele tyd goed daardeur aangee sodat watter dapper vrywilliger ook al aan diens was, dit op die proef kon stel. Wei, die eerste paar weke was taamlik ontmoedigend, so ek sal nie daaroor praat nie. Laat ek julle eerder vertel wat op die eenhonderd twee-en-dertigste dag van my harde werk gebeur het. Daardie oggend het ek die mengsel drasties verander en dié keer was die pilletjie waarmee ek uiteindelik vorendag gekom het nie naastenby so aktief of lewendig soos die voriges nie. Dit het aanhoudend van kleur verander, ja, maar net van lemmetjicgroen na blou, en dan weer na geel. En wanneer ek dit op my handpalm gesit het, het dit nie soos ’n sprinkaan afgespring nie. Dit het net gebewe, net baie effentjies.
“Ek hardloop toe na die luik in die muur wat na die
Toetskamer lei. ’n Baie ou Oempa-Loempa was daardie oggend aan diens. Hy was bles, vol plooie en tandloos. Hy het in ’n rolstoel gesit. Hy was al vir minstens vyftien jaar aan die rolstoel vasgekluister.

“‘Dit is toets nommer eenhonderd rwcc’cn-dcrtig!’ sê ek en skryf dit op die bord neer.
“Toe gee ek vir hom die pil. Hy kyk senuweeagtig daarna. Ek kon hom nie blameer dat hy ietwat senuweeagtig was ná wat met die ander eenhonderd een-en-dertig vrywilligers gebeur het nie.”
“Wat het met hulle gebeur?” gil ouma Georgina. “Hoekom antwoord jy nie die vraag pleks van op twee wiele óm en óm dit rond te jaag

nie?”
“Anderman se weë is duister,” sê meneer Wonka. “Nietemin, daardie dapper OempaToempa vat die pil toe en sluk dit met ’n bietjie water af. En skielik gebeur
daar die ongelooflikste ding. Voor my eie twee oë begin vreemde dinge verander aan hoe hy lyk. ’n Oomblik gelede was hy nog so te sê bles, met net ’n strokie sneeuwit hare langs die slape en op sy agterkop. Maar toe word die strokie wit hare goud en nuwe hare begin soos gras op sy kop groei. Binne minder as ’n halfminuut het hy ’n welige bos lang goue hare. Terselfdertyd begin baie van die plooie op sy gesig verdwyn, nie almal nie, maar omtrent die helfte, genoeg om hom baie jonger te laat lyk, en dit alles moes vir hom ’n lekker tintelende gevoel gegee het, want hy begin vir my grinnik en toe begin hy lag en toe hy sy mond oopmaak, sien ek die vreemdste ding van alles. Daar groei tande uit sy ou tandlose tandvleise; sterk, wit tande wat so vinnig groei dat ek letterlik kan sien hoe hulle groter en groter word.
“Ek was te oorstelp om te praat. Ek het net daar gestaan met my kop deur die luik in die muur gedruk en die klein Oempa-Loempa aangestaar. Toe sien ek hoe hy hom stadig uit sy rolstoel oplig. Hy sit sy bene versigtig op die grond. Hy staan op. Hy loop ’n paar tree. Toe kyk hy op na my en sy gesig verhelder. Sy oë is groot en so blink soos twee sterre.
“‘Kyk na my,’ sê hy sag. ‘Ek loop! Dis ’n wonderwerk!’ “‘Dis Wonka-Jonka!’ sê ek. ‘Die groot verjongingskuur.
Dit maak jou weer jonk. Hoe oud voel jy nou?’
“Hy dink ’n oomblik oor die vraag na en toe sê hy: ‘Ek voel amper presies soos ek gevoel het toe ek vyftig jaar oud was.’
“‘Hoe oud was jy netnou, voor jy die Wonka-Jonka gedrink het?’ vra ek.
“‘Sewentig laas verjaardag,’ antwoord hy.
“‘Dit beteken,’ sê ek, ‘dit het jou twintig jaar jonger gemaak.’
“‘Ja, dit het, dit het!’ roep hy verheug uit. ‘Ek voel so lewendig soos ’n leeuwelpie!’
“‘Nie lewendig genoeg nie,’ sê ek vir hom. ‘Vyftig is nog steeds taamlik oud. Kom ons kyk of ek jou nie ’n bietjie meer kan help nie. Bly net daar. Ek is binne ’n oogwenk terug.’
“Ek is haastig terug na my werkstafel en begin toe nóg
’n Wonka-Jonka-pil maak met presies dieselfde mengsel as voorheen.
“‘Sluk dit,’ sê ek toe en gee vir hom die tweede pil deur die luik aan. Hierdie keer huiwer hy glad nie. Hy stop dit gretig in sy mond en sluk dit haastig met water af. En sowaar, binne ’n halfminuut verdwyn daar nóg twintig jaar van sy gesig en liggaam en hy is nou ’n skraal en sprankelende jong Oempa-Loempa van dertig. Hy trippel rond van

vreugde en begin deur die vertrek dans, spring hoog in die lug op en land op sy tone. ‘Is jy gelukkig?’ vra ek vir hom.
“‘Ek is ekstaties!’ roep hy uit en spring op en af. ‘Ek is so
gelukkig soos ’n gans in ganshemel!’ Daarmee hardloop hy by die Toetskamer uit om vir sy familie en vriende te gaan wys wat met hom gebeur het.
“Dis hoe Wonka-Jonka uitgevind is!” sê meneer Wonka.
“En hoe dit veilig gemaak is vir almal se gebruik!” “Hoekom gebruik jy dit dan nie self nie?” vra ouma
Georgina. “Jy’t vir Charlie gesê jy raak te oud om die fabriek te bestuur, so hoekom drink jy nie ’n paar pille en word veertig jaar jonger nie? Sê my dit?”
“Enigiemand kan vrae vra,” sê meneer Wonka. “Dis die antwoorde wat tel. Nou ja, as julle drie daar in die bed dalk belangstel om daarvan te drink …”
“Net ’n oomblik!” sê ouma Josephine en sit regop.
“Ek wil eers sien hoe lyk daardie sewentigjarige Oempa-Loempa wat nou weer dertig is!”
Meneer Wonka klap sy vingers. ’n Piepklein Oempa’
Loempa wat jonk en op en wakker lyk, hardloop tussen die ander deur vorentoe en haal ’n paar sierlike danspassies voor die drie oumense in die groot bed uit. “Twee weke gelede was hy sewentig jaar oud en in ’n rolstoel!’ sê meneer Wonka trots. “En kyk hoe lyk hy nou!”
“Die tromme, Charlie!” sê oupa Joe. “Luister! Hulle begin weer speel!” Ver onder op die sjokoladerivier se oewer sien Charlie hoe die Oempa-Loempas se orkes weer begin speel. Daar is twintig Oempa-Loempas in die orkes, elkeen met ’n enorme trom twee keer so groot soos hy self, en hulle

slaan ’n stadige, geheimsinnige ritme. Dis nie lank nie of die honderde ander Oempa-Loempas wieg almal heen en weer in ’n soort beswyming. Dan begin hulle dreunsing:
“Is jy oud en vol she te,
Is jou jeug lankal vergete? Is jy alewig aan die beive Is jy al moeg vir die lewe?
Is jy knorrig en vol verdriet,
Is jy ’n menslike parasiet!
DRINK DAN WONKAJONKA! Jou oé sal blink, jou hare sal groei, Jou gesig en jou vel sal weer gloei. Jou vrot tande sal almal verdwyn En sterk nuwes sal oral verskyn. Weg is die vetrolle om jou heupe, Weg is die plooie en slote en kepe. Jou wange is weer bloesend en rooi
En almal dink jy’s beeldskoon mooi.
Jou hele lewe het skielik weer kleur En jy het vriende te kus en te keur. Jy is weer bemind en gewild.

Jy voel gelukkig en vervuld.
Jy het ’n blakende uiterlike
En ’n ewe gesonde innerlike.
Elkeen van hierdie pilletjies verleng jou lewe,
LAAT JOU ’N HELE TWINTIG JAAR LANGER LEWE!
So kom, liewe vriende, hou op huiwer,
Word weer jonk en vars en suiwer! Drink van hierdie magiese dinamiet; Dis die einde van al julle verdriet! Gryp die kans wat die lewe julle bied!
DRINK WILLY WONKA SE WONKAJONKA!

Recipe for Wonka-Vite

‘Here it is!’ cried Mr Wonka, standing at the end of the bed and holding high in one hand a little bottle. ‘The most valuable bottle of pills in the world! And that, by the way,’ he said, giving Grandma Georgina a saucy glance, ‘is why I haven’t taken any myself. They are far too valuable to waste on me.’

He held the bottle out over the bed. The three old ones sat up and stretched their scrawny necks, trying to catch a glimpse of the pills inside. Charlie and Grandpa Joe also came forward to look. So did Mr and Mrs Bucket. The label said:

WONKA-VITE

Each pill will make you YOUNGER by exactly 20 years

CAUTION!

Do not take more than the amount recommended by

Mr. Wonka

They could all see the pills through the glass. They were brilliant yellow, shimmering and quivering inside the bottle. Vibrating is perhaps a better word. They were vibrating so rapidly that each pill became a blur and you couldn't see its shape. You could only see its colour. You got the impression that there was something very small but incredibly powerful, something not quite of this world, locked up inside them and fighting to get out.

'They're wriggling,' said Grandma Georgina. 'I don't like things that wriggle. How do we know they won't go on wriggling inside us after we've swallowed them? Like those Mexican jumping beans of Charlie's I swallowed a couple of years back. You remember that, Charlie?'

'I told you not to eat them, Grandma.'

'They went on jumping about inside me for a month,' said Grandma Georgina. 'I couldn't sit still!'

'If I'm going to eat one of those pills, I jolly well want to know what's in it first,' said Grandma Josephine.

'I don't blame you,' said Mr Wonka. 'But the recipe is extremely complicated. Wait a minute … I've got it written down somewhere …' He started digging around in the pockets of his coat-tails. 'I know it's here somewhere,' he said. 'I can't have lost it. I keep all my most valuable and important things in these pockets. The trouble is, there's such a lot of them …' He started emptying the pockets and placing the contents on the bed — a homemade catapult … a yo-yo … a trick fried-egg made of rubber … a slice of salami … a tooth with a filling in it … a stinkbomb … a packet of itching-powder … 'It must be here, it must be, it must,' he kept muttering. 'I put it away so carefully … Ah! Here it is!' He unfolded a crumpled piece of paper, smoothed it

out, held it up and began to read as follows:

RECIPE FOR MAKING WONKA-VITE

Take a block of finest chocolate weighing one ton (or twenty sackfuls of broken chocolate, whichever is the easier). Place chocolate in very large cauldron and melt over red-hot furnace. When melted, lower the heat slightly so as not to burn the chocolate, but keep it boiling. Now add the following, in precisely the order given, stirring well all the time and allowing each item to dissolve before adding the next:

THE HOOF OF A MANTICORE

THE TRUNK (AND THE SUITCASE) OF AN ELEPHANT

THE YOLKS OF THREE EGGS FROM A WHIFFLE-BIRD

A WART FROM A WART-HOG

THE HORN OF A COW (IT MUST BE A LOUD HORN)

THE FRONT TAIL OF A COCKATRICE

SIX OUNCES OF SPRUNGE FROM A YOUNG SLIMESCRAPER

TWO HAIRS (AND ONE RABBIT) FROM THE HEAD OF A HIPPOCAMPUS

THE BEAK OF A RED-BREASTED WILBATROSS

A CORN FROM THE TOE OF A UNICORN

THE FOUR TENTACLES OF A QUADROPUS

THE HIP (AND THE PO AND THE POT) OF A HIPPOPOTAMUS

THE SNOUT OF A PROGHOPPER

A MOLE FROM A MOLE

THE HIDE (AND THE SEEK) OF A SPOTTED WHANGDOODLE

THE WHITES OF TWELVE EGGS FROM A TREE-SQUEAK

THE THREE FEET OF A SNOZZWANGER (IF YOU CAN'T GET THREE FEET, ONE YARD WILL DO)

THE SQUARE-ROOT OF A SOUTH AMERICAN ABACUS

THE FANGS OF A VIPER (IT MUST BE A VINDSCREEN VIPER)

THE CHEST (AND THE DRAWERS) OF A WILD GROUT

When all the above are thoroughly dissolved, boil for a further twenty-seven days but do not stir. At the end of this time, all liquid will have evaporated and there will be left in the bottom of the cauldron only a hard brown lump about the size of a football. Break this open with a hammer and in the very centre of it you will find a small round pill. This pill is WONKA-VITE.

Die resep vir Wonka-Jonka

"Hier is dit!' roep meneer Wonka uit. Hy staan aan die bed se voetenent en hou 'n botteltjie in sy hand omhoog. "Die waardevolste botteltjie pille ter wêreld! En dit, terloops," sê hy en glimlag vrypostig vir ouma Georgina, "is hoekom ek nog nie self daarvan gedrink het nie. Dis gans te waardevol om op my te mors."
Hy hou die bottel oor die bed uit. Die drie oumense sit regop en rek hul maer nekke om die pille binne-in te probeer sien. Charlie en oupa Joe kom nader om ondersoek in te stel. Meneer en mevrou Bucket ook. Die etiket sê:

WONKAJONKA

Elkepilmaakjoupresies20 jaarJONGER.
WAARSKUWING!
Neem presies soveel soos
voorgeskryf deur mnr, Wonka.

Hulle sien almal die pille deur die glas. Hulle is heldergeel, en blink en bibber in die bottel. Vibreer is miskien ’n beter woord.

Hulle vibreer so vinnig dat die pille wasig word en jy nie hul vorm kan sien nie. Jy sien net hul kleur. Jy kry die indruk daar is iets baie klein maar ongelooflik sterk, iets nie heeltemal van hierdie wêreld nie, in elke pil opgesluit en dit veg om uit te kom.
“Hulle wriemel,” sê ouma Georgina. “Ek hou nie van
goed wat wriemel nie. Hoe weet ons hulle gaan nie binne-in ons aanhou wriemel ná ons hulle gedrink het nie? Soos daai Meksikaanse springboontjies van Charlie wat ek ’n paar jaar gelede ingesluk het. Onthou jy nog, Charlie?”
“Ek het gesê Ouma moet dit nie drink nie.”
Die hyser kom tot stilstand. Die deure gly oop. En daar is die Sjokoladesaal en die sjokoladerivier en die Oempa-Loempas en in die middel van dit alles die oumense se groot bed. "Charlie!" roep oupa Joe uit en hardloop nader. "Dank die hemel jy's terug!" Charlie gee sy oupa
'n drukkie. En dan sy ma en sy pa. "Is sy hier?" vra hy.
"Ouma Georgina?"
Niemand antwoord nie. Niemand doen enigiets nie. Behalwe oupa Joe. Hy beduie na die bed. Hy wys, maar hy kyk nie soontoe nie. Niemand kyk na die bed nie
- behalwe Charlie. Hy loop verby almal om beter te kan sien. Aan die een kant van die bed sien hy die twee babas, ouma Josephine en oupa George, wat albei warm toegemaak lê en salig slaap. Aan die ander kant…

“Moenie skrik nie,” sê meneer Wonka. Hy kom vinnig
nader en sit sy hand op Charlie se arm. “Sy’s maar net ’n klein-klein bietjie oorplus. Ek het jou mos gewaarsku.”
“Wat het jy met haar gedoen?” gil mevrou Bucket. “My
arme ou moeder!”
Opgeprop teen die kussings aan die ander kant van die bed is daar die vreemdste wese wat Charlie nog ooit gesien het! Is dit een of ander oeroue fossiel? Kan nie wees nie, want dit beweeg effens. En nou maak dit geluide! Hees, skor geluide - die soort geluide wat
’n baie ou padda dalk sal maak as hy ’n paar woorde ken. “Wei, wel, wel,” kwaak dit. “Dis mos liewe klein Charlie.”
“Ouma!” gil Charlie. “Ouma Georgina! O … Oo … Ooo!”
Haar verrimpelde gesiggie lyk soos ’n gepekelde okkerneut. Dis só vol plooie en voue dat die mond en oë en selfs die neus amper heeltemal weggesink is en mens dit skaars kan sien. Haar hare is spierwit en haar hande wat op die kombers lê, is net klein hopies opgefrommelde vel. Hierdie antieke wese se teenwoordigheid ontstel nie net vir meneer en mevrou Bucket nie, maar ook vir oupa Joe. Hulle staan weg, op
’n veilige afstand van die bed af. Maar meneer Wonka lyk so vrolik soos altyd. “My dierbare dame!” roep hy uit, kom tot by die kant van die bed en gryp een van daardie verrimpelde handjies in albei syne vas. “Welkom tuis! En hoe voel u op hierdie heuglike en sonnige dag?”
“Nie te sleg nie,” sê ouma Georgina skor. “Glad nie te
sleg nie … my ouderdom in ag genome.”
“Mooi so!” sê meneer Wonka. “Dis my meisie. Al wat ons nou moet doen, is om uit te vind presies hoe oud jy is! Dan sal ons tot verdere aksie kan oorgaan!”
“Jy gaan nie tot enige verdere aksie oor nie!” sê mevrou
Bucket met stywe lippe. “Jy’t al klaar genoeg skade aangerig!”

“Maar my liewe warkop wat so dwarsskop,” sê meneer Wonka en draai na mevrou Bucket. “Wat maak dit saak as die ou tante ’n tikkie te oud geword het? Ons kan dit mos tjoef-tjaf regstel! Het jy vergeet van Wonka-Jonka en hoe elke pil jou twintig jaar jonger maak? Ons sal haar terugbring. Ons sal haar binne ’n oogwenk in ’n blosende, bloesende jong meisie verander!”
“Wat help dit as haar man nog nie eers uit sy doeke is
nie?” weeklaag mevrou Bucket en wys met haar vinger na die eenjarige oupa George wat so salig slaap.
“Mevrou,” sê meneer Wonka, “kom ons doen een ding
op ’n slag …”
“Ek verbied jou om vir haar van daardie aaklige Wonka-Jonka te gee!”

sê meneer Bucket. "Jy sal haar weer in 'n Minus verander, sowaar soos wat ek hier staan!"
"Ek wil nie 'n Minus wees nie," kwaak ouma Georgina. "As ek ooit weer terug na daai liederlike Minusland toe moet gaan, sal die Gnoelies my gnielie!"
"Wees nie bevrees nie!" sê meneer Wonka. "Hierdie
keer sal ek self toesig hou oor die toediening van die medisyne! Ek sal persoonlik seker maak dat u die korrekte dosis kry. Maar luister nou eers baie mooi. Ek kan nie uitwerk hoeveel pille om vir u te gee voor ek nie weet presies hoe oud u is nie! Dis vanselfsprekend, dan nie?"
"Dis glad nie vanselfsprekend nie," sê mevrou Bucket. "Hoekom kan jy nie veilig speel en vir haar net een pil op 'n slag gee nie?"
"Dis onmoontlik, Mevrou. In baie ernstige gevalle soos hierdie een werk Wonka-Jonka glad nie wanneer dit in klein dosisse toegedoen word nie. Sy moet alles gelyktydig inkry. Dit moet haar met 'n slag tref. Een pil op sy eie sal niks help nie. Sy is te ver heen daarvoor. Dis alles of niks."
"Nee," sê mevrou Bucket streng.
"Ja," sê meneer Wonka. "Liewe dame, luister asseblief na my. As jy 'n hewige hoofpyn het en drie aspiriene nodig het, help dit mos nie om net een op 'n slag te drink en vier uur te wag voor jy die volgende een drink nie. Jou hoofpyn sal nooit só weggaan nie. Jy moet al die pille saam drink. En dis dieselfde met Wonka-Jonka. Mag ek voortgaan?"
"Nou goed dan, ek veronderstel jy moet seker maar,"
sê mevrou Bucket.
"Reg," sê meneer Wonka. Hy gee 'n sprongetjie en wikkel sy voete in die lug. "Nou toe, hoe oud is u, my liewe ouma Georgina?"
"Ek weet nie," sê haar krakerige stem. "Ek het jare en jare gelede al opgehou tel."
"Het u geen benul nie?" vra meneer Wonka.
"Natuurlik nie," brabbel die ou vrou. "Jy sou ook nie gehad het as jy so oud soos ek was nie." "Dink!" sê meneer Wonka. "Dink mooi!"
Die verrimpelde ou bruin okkerneutgesiggie verfrommel selfs nog meer. Die ander staan en wag. Die Oempa-Loempas, gefassineer deur hierdie antieke voorwerp, beweeg al nader en nader aan die bed. Die twee babas slaap rustig aan.
"Is u byvoorbeeld honderd?" vra meneer Wonka. "Of
honderd en een? Of honderd en twintig?"
"Dis hopeloos," krys sy. "Ek was nooit goed met getalle me.
"Dis 'n katastrofe!" roep meneer Wonka uit. "As u nie
vir my kan sê hoe oud u is nie kan ek u nie help nie! Ek kan dit nie waag om u 'n oordosis te gee nie!"
Almal om die bed word wanhopig, en vir die eerste keer
meneer Wonka self ook. "Jy't hierdie keer alles totaal en al

opgemors," sê mevrou Bucket.
"Ouma," sê Charlie en beweeg nader aan die bed.
"Luister, Ouma. Moenie probeer dink presies hoe oud Ouma nou is nie. Probeer liewer dink aan iets wat gebeur het… dink aan iets wat met Ouma gebeur het… enigiets wat vir Ouma lekker was … so lank gelede as moontlik … Dit kan ons dalk help …"
"Daar het baie dinge met my gebeur, Charlie … So baie,
baie dinge het met my gebeur …"
"Maar kan Ouma enige van hulle onthou?"
"O, ek weet nie, my skat … Ek sal seker een of twee dinge kan onthou as ek hard genoeg dink…"
"Mooi, Ouma, mooi!" sê Charlie gretig. "Wat is die heel eerste ding wat Ouma in Ouma se hele lewe kan onthou?"
"O, my liewe seun, dit sal 'n hele klompie jaar gelede wees, 'n aardige klompie."
"Toe Ouma so oud soos ekwas. Kan Ouma iets onthou
wat Ouma gedoen het toe Ouma nog só jonk was?"
Die weggesakte swart ogies glinster dofweg en daar kom
'n effense glimlag om die amper onsigbare mondhoeke. "Daar was 'n skip," sê sy. "Ek onthou 'n skip … Ek sal daai skip nooit vergeet nie …"
"Gaan aan, Ouma! 'n Skip! Watter soort skip? Was
Ouma op die skip?"
"Natuurlik was ek daarop, my skat … Ons was almal daarop …"
"Waarvandaan? Waarnatoe?" gaan Charlie gretig aan.
"O nee, ek sal nie kan sê nie … Ek was maar net 'n
klein ou dogtertjie …" Sy lê terug teen die kussing en maak haar oë toe. Charlie hou haar dop en wag vir nog iets. Almal wag. Niemand beweeg nie.
" … Hy't 'n lieflike naam gehad, daardie skip… Daar was
iets moois … iets baie moois aan daardie naam … maar ek sal dit natuurlik onmoontlik nie kan onthou nie …"
Charlie wat op die bed se rand gesit het, spring skielik
op. Sy gesig blink van opgewondenheid. "As ek die naam sê, sal Ouma dit dan onthou?"
"Ek mag dalk, Charlie … ja … ek dink ek mag dalk…" "DIE MAYFLOWER!" roep Charlie uit.
Die ou vrou se kop ruk van die kussing af op. "Dis reg!" snak sy. "Jy's reg, Charlie! Die Mayflower … So 'n lieflike naam …"
"Oupa!" vra Charlie en dans opgewonde rond. "In watter jaar het die Mayflower Amerika toe geseil?"
"Die Mayflower het op die sesde September, sestienhonderd en twintig uit Plymouth se hawe weggeseil," sê oupa Joe.
"Plymouth …" kwaak die ou vrou. "Dit lui 'n klokkie …

Ja, dit was dalk Plymouth …”
“Sestien twintig!” gil Charlie. “Goeie genugtig! Dit beteken Ouma is … Doen Oupa die som!”
“Nou goed,” sê oupa Joe. “Trek sestienhonderd en
twintig af van negentienhonderd twee-en-sewentig … en die antwoord is … Moenie my aanjaag nie, Charlie … Die antwoord is driehonderd … twee-en-vyftig.”
“Springende sprinkane!” gil meneer Bucket. “Sy’s driehonderd twee-en-vyftig jaar oud!”
“Nee, ouer,” sê Charlie. “Hoe oud het Ouma gesê
was Ouma toe Ouma op die Mayflower was? Was Ouma omtrent agt?”
“Ek dink ek was selfs nog jonger as dit, my skat … Ek
was net ’n klein-klein dogtertjie … Seker nie meer as ses me…
“Dan is sy driehonderd agt-en-vyftigl” snak Charlie.
“Dis Wonka-Oua vir jou,” sê meneer Wonka trots. “Ek het mos gesê dis sterk goed.”
“Driehonderd agt-en-vyftig!” sê meneer Bucket. “Dis
ongelooflik!”
“Dink net aan die dinge wat sy in haar leeftyd moes gesien het!” sê oupa Joe.
“My arme ou moeder!” kerm mevrou Bucket. “Wat op
aarde …”
“Geduld, geagte dame,” sê meneer Wonka, “Nou kom die interessante deel. Bring die Wonka-Jonka!”
’n Oempa-Loempa hardloop vorentoe met ’n groot bottel en gee dit vir meneer Wonka. Hy sit dit op die bed neer. “Hoe jonk wil sy wees?” vra hy.
“Agt-en-sewentig, ” sê mevrou Bucket ferm. “Presies hoe oud sy was voor al hierdie lawwigheid begin het!”
“Sy sal darem sekerlik ’n bietjie jonger as dit wil wees?”
vra meneer Wonka.
“Beslis nie!” sê mevrou Bucket. “Dis té gevaarlik”
“Te gevaarlik, te gevaarlik!” sê ouma Georgina krakerig. “Jy gaan my net weer Minus as jy probeer slim
I»
wees!
“Nes u verkies,” sê meneer Wonka. “Nou ja, ek moet
’n paar somme maak.” Nog ’n Oempa-Loempa trippel vorentoe en hou ’n swartbord in die lug op. Meneer Wonka haal ’n stukkie bordkryt uit sy sak en skryf:
Presies veertien Wonka-Jonka-pille,” sê meneer Wonka.
Die Oempa-Loempa neem die swartbord weg. Meneer Wonka tel die bottel van die bed af op en maak dit oop en tel veertien van die blink, klein geel pilletjies af. “Water!” sê hy. Nóg ’n Oempa-Loempa

hardloop nader met ’n glas water. Meneer Wonka gooi al veertien pille in die glas. Die water borrel en bruis. “Drink dit terwyl dit bruis,” sê hy en hou die glas teen ouma Georgina se lippe. “Alles in een teug!”
Sy drink dit.
Meneer Wonka staan terug en haal ’n groot koperhorlosie uit sy sak. “Moenie vergeet nie,” roep hy uit, “dis ’n jaar ’n sekonde! Sy moet nou tweehonderd-en- tagtig jaar afskud. Dit sal vier minute en veertig sekondes neem. Kyk hoe die eeue van haar af wegval!”
Die vertrek is só stil dat hulle meneer Wonka se
horlosie kan hoor tik. Daar gebeur eers nie veel met die

oeroue persoon op die bed nie. Sy maak haar oë toe en lê agteroor. Nou en dan vertrek haar gesig se verrimpelde vel en haar hande ruk op en af, maar dis al…
“Een minuut verby!” kondig meneer Wonka aan. “Sy is sestig jaar jonger.”
“Sy lyk vir my presies dieselfde,” sê meneer Bucket.
“Natuurlik,” sê meneer Wonka. “Wat is ’n skamele sestig jaar wanneer jy om mee te begin oor die driehonderd
jaar oud is!”
“Is als reg, Mammie?” vra mevrou Bucket angstig. “Praat met my, Mammie!”
“Twee minute verby!” roep meneer Wonka uit. “Sy’s nou eenhonderd en twintig jaar jonger!”
En nou begin hulle definitiewe veranderinge aan die ou vrou se gesig sien. Haar hele vel vertrek en die diep plooie word al minder en minder, die mond minder ingeval, die neus meer prominent.
“Mammie!” skree mevrou Bucket. “Is als reg? Praat met my, Mammie, asseblief1.”
Skielik, só skielik dat almal wip, sit die ou vrou kiertsregop in die bed en gil: “Het julle die nuus gehoor? Admiraal Nelson het die Franse by Trafalgar verslaan!”
“Sy raak van haar kop af,” sê meneer Bucket.
“Glad nie,” sê meneer Wonka. “Sy gaan deur die negentiende eeu.”
“Drie minute verby!” kondig meneer Wonka aan.
Sy word nou by die sekonde effens minder en minder verrimpel en meer en meer lewendig. Dit is ongelooflik om haar dop te hou.
“Gettysburg!” roep sy uit. “Generaal Lee slaan op vlug!”
En ’n paar sekondes later begin sy jammerlik huil en sê: “Hy’s dood, hy’s dood, hy’s dood!”
“Wie’s dood?” vra meneer Bucket en leun vorentoe.
“Lincoln!” weeklaag sy. “Daar gaan die trein …”
“Sy moes dit gesien het!” sê Charlie “Sy moes daar gewees het!”
“Sy is daar,” sê meneer Wonka. “Ten minste, sy was, ’n paar sekondes

gelede."
"Kan iemand asseblief vir my verduidelik," sê mevrou
Bucket, "wat op aarde …"
"Vier minute verby!" kondig meneer Wonka aan.
"Nog net veertig sekondes oor! Nog net veer tig jaar om te verloor!"
"Ouma!" roep Charlie opgewonde uit. "Ouma lyk
amper presies soos Ouma eers gelyk het! O, ek is so bly!"
"Solank dit net ophou wanneer dit moet," sê mevrou
Bucket.
"Ek wed jou dit gaan nie," sê meneer Bucket. "lets gaan altyd verkeerd."
"Nie wanneer ek in bevel is nie, meneer," sê meneer
Wonka. "Tyd is verstreke! Sy is nou agt-en-sewentig jaar oud! Hoe voel u, liewe dame? Is alles in die haak?"
"Ek voel skaflik," sê sy. "Heel skaflik. Maar dis nie
danksy jou nie, jou mislike makriel!"
Daar is sy weer, dieselfde brommerige, iesegrimmige ou ouma Georgina wat Charlie so goed geken het voordat alles begin het. Mevrou Bucket gooi haar arms om haar ma en begin huil van blydskap. Die ou vrou druk haar weg en sê: "Wat, mag ek vra, doen daardie twee simpel babas aan die voet van die bed?"
"Een van hulle is Ma se man," sê meneer Bucket.
"Bog!" sê sy. "Waar is George?"
"Ek is bevrees dis waar, Mammie," sê mevrou Bucket. "Dis hy daar links. Die ander een is ouma Josephine …" "Jou … jou liegende lieplapper!" skree sy en beduie
kwaai na meneer Wonka. "Wat in die naam van…"
"Toe-toe, toe-toe-toe!" sê meneer Wonka. "Laat ons om liefdeswil nie so laat in die dag weer baklei nie. As almal net kalm bly en alles aan my en Charlie oorlaat, sal ons hulle so vinnig soos 'n vlieg sy vlerke klap weer presies so oud maak soos wat hulle was!"

The Babies Grow Up

'Bring on the Vita-Wonk!' said Mr Wonka. 'We'll soon fix these two babies.'

An Oompa-Loompa ran forward with a small bottle and a couple of silver teaspoons.

'Wait just one minute!' snapped Grandma Georgina. 'What sort of devilish dumpery are you up to now?'

'It's all right, Grandma,' said Charlie. 'I promise you it's all right. Vita-

Wonk does the opposite to Wonka-Vite. It makes you older. It's what we gave you when you were a Minus. It saved you!'

'You gave me too much!' snapped the old woman.

'We had to, Grandma.'

'And now you want to do the same to Grandpa George!'

'Of course we don't,' said Charlie.

'I finished up three hundred and fifty-eight years old!' she went on. 'What's to stop you making another little mistake and giving him fifty times more than you gave me? Then I'd suddenly have a twenty-thousand-year-old caveman in bed beside me! Imagine that, and him with a big knobby club in one hand and dragging me around by my hair with the other! No, thank you!'

'Grandma,' Charlie said patiently. 'With you we had to use a spray because you were a Minus. You were a ghost. But here Mr Wonka can …'

'Don't talk to me about that man!' she cried. 'He's batty as a bullfrog!'

'No, Grandma, he is not. And here he can measure it out exactly right, drop by drop, and feed it into their mouths. That's true, isn't it, Mr Wonka?'

'Charlie,' said Mr Wonka. 'I can see that the factory is going to be in good hands when I retire. You learn very fast. I am so pleased I chose you, my dear boy, so very pleased. Now then, what's the verdict? Do we leave them as babies or do we grow them up with Vita-Wonk?'

'You go ahead, Mr Wonka,' said Grandpa Joe. 'I'd like you to grow my Josie up so she's just the same as before — eighty years old.'

'Thank you, sir,' said Mr Wonka. 'I appreciate the confidence you place in me. But what about the other one, Grandpa George?'

'Oh, all right, then,' said Grandma Georgina. 'But if he ends up a caveman I don't want him in this bed any more!'

'That's settled then!' said Mr Wonka. 'Come along, Charlie! We'll do them both together. You hold one spoon and I'll hold the other. I shall

measure out four drops and four drops only into each spoon and we'll wake them up and pop it into their mouths.'

'Which one shall I do, Mr Wonka?'

'You do Grandma Josephine, the tiny one. I'll do Grandpa George, the one-year-old. Here's your spoon.'

Charlie took the spoon and held it out. Mr Wonka opened the bottle and dripped four drops of oily black liquid into Charlie's spoon. Then he did the same to his own. He handed the bottle back to the Oompa-Loompa.

'Shouldn't someone hold the babies while you give it?' said Grandpa Joe. 'I'll hold Grandma Josephine.'

'Are you mad!' said Mr Wonka. 'Don't you realize that Vita-Wonk acts instantly? It's not one year a second like Wonka-Vite. Vita-Wonk is as quick as lightning! The moment the medicine is swallowed — ping! — and it all happens! The getting bigger and the growing older and everything else all happens in one second! So don't you see, my dear sir,' he said to Grandpa Joe, 'that one moment you'd be holding a tiny baby in your arms and just one second later you'd find yourself staggering about with an eighty-year-old woman and you'd drop her like a ton of bricks on the floor!'

'I see what you mean,' said Grandpa Joe.

'All set, Charlie?'

'All set, Mr Wonka.' Charlie moved around the bed to where the tiny sleeping baby lay. He placed one hand behind her head and lifted it. The baby awoke and started yelling. Mr Wonka was on the other side of the bed doing the same to the one-year-old George. 'Both together now, Charlie!' said Mr Wonka. 'Ready, steady, go! Pop it in!' Charlie pushed his spoon into the open mouth of the baby and tipped the drops down her throat.

'Make sure she swallows it!' cried Mr Wonka. 'It won't work until it gets into their tummies!'

It is difficult to explain what happened next, and whatever it was, it only lasted for one second. A second is about as long as it takes you to say aloud and quickly, 'one-two-three-four-five'. And that is how long

it took, with Charlie watching closely, for the tiny baby to grow and swell and wrinkle into the eighty-year-old Grandma Josephine. It was a frightening thing to see. It was like an explosion. A small baby suddenly exploded into an old woman, and Charlie all at once found himself staring straight into the well-known and much-loved wrinkly old face of his Grandma Josephine. 'Hello, my darling,' she said. 'Where have you come from?'

'Josie!' cried Grandpa Joe, rushing forward. 'How marvellous! You're back!'

'I didn't know I'd been away,' she said.

Grandpa George had also made a successful comeback. 'You were better-looking as a baby,' Grandma Georgina said to him. 'But I'm glad you've grown up again, George … for one reason.'

'What's that?' asked Grandpa George.

'You won't wet the bed any more.'

Die babas word groot

"Bring die Wonka-Oua!" sê meneer Wonka. "Ons gaan hierdie twee babas gou-gou regsien."
'n Oempa-Loempa hardloop vorentoe met 'n botteltjie en twee silwer teelepels.
"Wag net 'n oomblik!" snou ouma Georgina hom toe. "Waiter duiwelse duisterhede voer julle nou in die mou:
"Toemaar, Ouma," sê Charlie. "Ek belowe Ouma dit sal werk. Wonka-Oua doen die teenoorgestelde as Wonka-Jonka. Dit maak jou ouer. Dis wat ons vir Ouma gegee het toe Ouma 'n Minus was. Dit het Ouma se lewe gered!"
"Julle het my te veel daarvan ingegee!" snou die ou vrou hom toe.
"Ons moes, Ouma."
"En nou wil julle dieselfde met oupa George doen!" "Nooit, ons wil nie," sê Charlie.
"Ek was op die ou end driehonderd agt-en-vyftig jaar oud!" gaan sy aan. "Sê nou julle maak nóg 'n klein foutjie en gee vir hom vyftig keer meer as vir my? Sê nou daar lê skielik 'n tweeduisend jaar oue grotbewoner hier langs my in die bed! Dink net! Sê nou hy swaai 'n
knuppel met die een hand rond en sleep my met die ander hand aan my hare rond! Nee, dankie!"
"Ouma," sê Charlie geduldig. "Met Ouma moes ons 'n sproei gebruik

omdat Ouma 'n Minus was. Ouma was 'n gees. Maar hier kan meneer Wonka dit…"
"Moenie met my van daai man praat nie!" gil sy. "Hy's so mal soos 'n malhaas!"
"Nee, Ouma, hy is nie. En hier kan hy dit presies afmeet,
druppel vir druppel, en dit in hul monde sit. Is mos, nê, meneer Wonka?"
"Charlie," sê meneer Wonka, "ek kan sien die fabriek
gaan in goeie hande wees wanneer ek aftree. Jy leer vinnig. Ek is so bly ek het jou gekies, my liewe seun, so baie bly. Nou ja, wat is die uitspraak? Laat ons hulle babas bly of laat ons hulle grootword met Wonka-Oua?"
"Gaan gerus voort, meneer Wonka," sê oupa Joe. "Ek
sal bly wees as jy Josie kan laat grootword sodat sy weer presies nes voorheen kan wees - tagtig jaar oud."
"Dankie, Oupa," sê meneer Wonka. "Ek waardeer u vertroue in my. Maar wat van die ander een, oupa George?"
"Ag, nou goed dan," sê ouma Georgina. "Maar as hy op
die ou end 'n grotbewoner word, wil ek hom nie meer in
hierdie bed hê nie!"
"Dis dan afgespreek! Dan maak ons so!" sê meneer Wonka. "Komaan, Charlie! Ons doen dit saam. Jy hou die een lepel vas en ek die ander een. Ek sal vier druppels en nét vier druppels in elke lepel gooi en dan maak ons hulle wakker en voer dit vir hulle."
"Watter een moet ek doen, meneer Wonka?"
"Vat jy vir ouma Josephine, die kleintjie. Dan doen ek oupa George, want hy's al een jaar oud. Hier's jou lepel."

Charlie vat die lepel en hou dit reg.
Meneer Wonka maak die bottel oop en laat drup vier druppels van die olierige swart vloeistof in Charlie se lepel. Dan doen hy dieselfde met syne. Hy gee die bottel vir die Oempa-Loempa terug.
"Moet iemand nie die babas vashou terwyl julle dit vir hulle ingee nie?" vra oupa Joe. "Ek sal ouma Josephine vashou."
"Moenie kranksinnig wees nie!" gil meneer Wonka. "Wonka-Oua werk oombliklik. Nie 'n jaar 'n sekonde soos Wonka-Jonka nie. Wonka-Oua is so vinnig soos
blits. Die oomblik wat die medisyne gesluk word
- whoeff! - gebeur alles tegelyk! Die groter word en ouer word en al die ander dinge gebeur alles binne een sekonde! So jy moet verstaan, my liewe meneer," sê hy vir oupa Joe, "jy sal die een oomblik 'n pap babatjie in jou arms vashou en net een sekonde later sal jy begin
rondsteier met 'n tagtigjarige vrou en jy sal haar soos 'n ton bakstene op die vloer laat val!"

“Ek sien wat u bedoel,” sê oupa Joe.
“Gereed, Charlie?”
“Gereed, meneer Wonka.” Charlie beweeg om die bed na waar die slapende babatjie lê. Hy steek sy hand onder haar kop in en lig dit op. Die baba word wakker en begin skree. Aan die ander kant van die bed doen meneer Wonka dieselfde met die eenjarige George. “Gelyktydig nou, Charlie!” sê meneer Wonka. “Op jou merke, gereed, tueg! In is dit!” Charlie druk sy lepel in die baba se oop mondjie en gooi die druppels in haar keel af.
“Maak seker sy sluk dit!” sê meneer Wonka, “Dit sal
nie werk voor dit in hul magies kom nie!”
Dit is moeilik om te verduidelik wat volgende gebeur, maar wat dit ook al is, dit gebeur binne net een sekonde.
’n Sekonde is omtrent so lank soos wat dit jou vat om hardop en vinnig “eeri-twee-d rie-vier-vyf” te sê.
En dit is hoe lank dit neem, met Charlie wat verstom toekyk, vir die babatjie om te groei en te swel en te verrimpel tot die tagtigjarige ouma Josephine. Dit is eintlik verskriklik om dit te sien gebeur. Dit is soos
’n ontploffing. ’n Klein babatjie ontplof skielik in ’n ou vrou, en Charlie staar eensklaps reguit in sy ouma Josephine se bekende en beminde, verrimpelde ou gesig. “Hallo, my skat,” sê sy. “Waar kom jy vandaan?”
“Josie!” roep oupa Joe uit en kom haastig nader. “Dis wonderlik! Jy’s terug!”
“Ek het nie geweet ek was weg nie,” sê sy.
Oupa George het ook suksesvol teruggekeer. “Jy’t beter gelyk toe jy ’n baba was,” sê ouma Georgina vir hom. “Maar ek is bly jy het weer grootgeword, George … om een rede.”
“Wat is dit?” vra oupa George.
“Jy sal nie meer die bed natmaak nie.”

How to Get Someone out of Bed

‘I am sure,’ said Mr Wonka, addressing Grandpa George, Grandma Georgina and Grandma Josephine, ‘I am quite sure the three of you, after all that, will now want to jump out of bed and lend a hand in running the Chocolate Factory.’

‘Who, us?’ said Grandma Josephine.

‘Yes, you,’ said Mr Wonka.

‘Are you crazy?’ said Grandma Georgina. ‘I’m staying right here where

I am in this nice comfortable bed, thank you very much!'

'Me, too!' said Grandpa George.

At that moment, there was a sudden commotion among the Oompa-Loompas at the far end of the Chocolate Room. There was a buzz of excited chatter and a lot of running about and waving of arms, and out of all this a single Oompa-Loompa emerged and came rushing toward Mr Wonka, carrying a huge envelope in his hands. He came up close to Mr Wonka. He started whispering. Mr Wonka bent down low to listen.

'Outside the factory gates?' cried Mr Wonka. 'Men! … What sort of men? … Yes, but do they look dangerous? … Are they ACTING dangerously? … And a what? … A HELICOPTER! … And these men came out of it? … They gave you this? …'

Mr Wonka grabbed the huge envelope and quickly slit it open and pulled out the folded letter inside. There was absolute silence as he skimmed swiftly over what was written on the paper. Nobody moved. Charlie began to feel cold. He knew something dreadful was going to happen. There was a very definite smell of danger in the air. The men outside the gates, the helicopter, the nervousness of the Oompa-Loompas … He was watching Mr Wonka's face, searching for a clue, for some change in expression that would tell him how bad the news was.

'Great whistling whangdoodles!' cried Mr Wonka, leaping so high in the air that when he landed his legs gave way and he crashed on to his backside.

'Snorting snozzwangers!' he yelled, picking himself up and waving the letter about as though he were swatting mosquitoes. 'Listen to this, all of you! Just you listen to this!' He began to read aloud:

THE WHITE HOUSE

WASHINGTON

D.C.

TO MR WILLY WONKA.

SIR

TODAY THE ENTIRE NATION, INDEED THE WHOLE WORLD, IS REJOICING AT THE SAFE RETURN OF OUR TRANSPORT CAPSULE FROM SPACE WITH 136 SOULS ON BOARD. HAD IT NOT BEEN FOR THE HELP THEY RECEIVED FROM AN UNKNOWN SPACESHIP, THESE 136 PEOPLE WOULD NEVER HAVE COME BACK. IT HAS BEEN REPORTED TO ME THAT THE COURAGE SHOWN BY THE EIGHT ASTRONAUTS ABOARD THIS UNKNOWN SPACESHIP WAS EXTRAORDINARY. OUR RADAR STATIONS, BY TRACKING THIS SPACESHIP ON ITS RETURN TO EARTH, HAVE DISCOVERED THAT IT SPLASHED DOWN IN A PLACE KNOWN AS WONKA'S CHOCOLATE FACTORY. THAT, SIR, IS WHY THIS LETTER IS BEING DELIVERED TO YOU.

I WISH NOW TO SHOW THE GRATITUDE OF THE NATION BY INVITING ALL EIGHT OF THOSE INCREDIBLY BRAVE ASTRONAUTS TO COME AND STAY IN THE WHITE HOUSE FOR A FEW DAYS AS MY HONOURED GUESTS.

I AM ARRANGING A SPECIAL CELEBRATION PARTY IN THE BLUE ROOM THIS EVENING AT WHICH I MYSELF WILL PIN MEDALS FOR BRAVERY UPON ALL EIGHT OF THESE GALLANT FLIERS. THE MOST IMPORTANT PERSONS IN THE LAND WILL BE PRESENT AT THIS GATHERING TO SALUTE THE HEROES WHOSE DAZZLING DEEDS WILL BE WRITTEN FOR EVER IN THE HISTORY OF OUR NATION. AMONG THOSE ATTENDING WILL BE THE VICE-PRESIDENT (MISS ELVIRA TIBBS), ALL THE MEMBERS OF MY CABINET, THE CHIEFS OF THE ARMY, THE NAVY AND THE AIR FORCE, ALL MEMBERS OF THE CONGRESS. A FAMOUS SWORD-SWALLOWER FROM AFGHANISTAN WHO IS NOW TEACHING ME TO EAT MY WORDS (WHAT YOU DO IS YOU TAKE THE S OFF THE BEGINNING OF THE SWORD AND PUT IT ON THE END BEFORE YOU SWALLOW IT). AND WHO ELSE IS COMING? OH YES, MY CHIEF INTERPRETER, AND THE GOVERNORS OF EVERY STATE IN THE UNION, AND OF COURSE MY CAT, MRS TAUBSYPUSS.

A HELICOPTER AWAITS ALL EIGHT OF YOU OUTSIDE THE FACTORY GATES. I MYSELF AWAIT YOUR ARRIVAL AT THE WHITE HOUSE WITH THE VERY GREATEST PLEASURE AND IMPATIENCE.

I BEG TO REMAIN, SIR,

MOST SINCERELY YOURS

LANCELOT R. GILLIGRASS

President of the United States

P.S. COULD YOU PLEASE BRING ME A FEW WONKA FUDGEMALLOW DELIGHTS. I LOVE THEM SO MUCH BUT EVERYBODY AROUND HERE KEEPS STEALING MINE OUT OF THE DRAWER IN MY DESK. AND DON'T TELL NANNY.

Mr Wonka stopped reading. And in the stillness that followed Charlie could hear people breathing. He could hear them breathing in and out much faster than usual. And there were other things, too. There were so many feelings and passions and there was so much sudden happiness swirling around in the air it made his head spin. Grandpa Joe was the first to say something … 'Yippeeeeeeeeeee!' he yelled out, and he flew across the room and caught Charlie by the hands and the two of them started dancing away along the bank of the chocolate river. 'We're going, Charlie!' sang Grandpa Joe. 'We're going to the White House after all!' Mr and Mrs Bucket were also dancing and laughing and singing, and Mr Wonka ran all over the room proudly showing the President's letter to the Oompa-Loompas. After a minute or so, Mr Wonka clapped his hands for attention. 'Come along, come along!' he called out. 'We mustn't dilly! We mustn't dally! Come on, Charlie! And you, sir, Grandpa Joe! And Mr and Mrs Bucket! The helicopter is outside the gates! We can't keep it waiting!' He began hustling the four of them toward the door.

'Hey!' screamed Grandma Georgina from the bed. 'What about us? We were invited too, don't you forget that!'

'It said all eight of us were invited!' cried Grandma Josephine.

'And that includes me!' said Grandpa George.

Mr Wonka turned and looked at them. 'Of course it includes you,' he said. 'But we can't possibly get that bed into a helicopter. It won't go through the door.'

'You mean … you mean if we don't get out of bed we can't come?' said Grandma Georgina.

‘That’s exactly what I mean,’ said Mr Wonka. ‘Keep going, Charlie,’ he whispered, giving Charlie a little nudge. ‘Keep walking toward the door.’

Suddenly, behind them, there was a great SWOOSH of blankets and sheets and a pinging of bedsprings as the three old people all exploded out of the bed together. They came sprinting after Mr Wonka, shouting, ‘Wait for us! Wait for us!’ It was amazing how fast they were running across the floor of the great Chocolate Room. Mr Wonka and Charlie and the others stood staring at them in wonder. They leaped across paths and over little bushes like gazelles in spring-time, with their bare legs flashing and their nightshirts flying out behind them.

Suddenly Grandma Josephine put the brakes on so hard she skidded five yards before coming to a stop. ‘Wait!’ she screamed. ‘We must be mad! We can’t go to a famous party in the White House in our nightshirts! We can’t stand there practically naked in front of all those people while the President pins medals all over us!’

‘Oh-h-h-h!’ wailed Grandma Georgina. ‘Oh, what are we going to do?’

‘Don’t you have any clothes with you at all?’ asked Mr Wonka.

‘Of course we don’t!’ said Grandma Josephine. ‘We haven’t been out of that bed for twenty years!’

‘We can’t go!’ wailed Grandma Georgina. ‘We’ll have to stay behind!’

‘Couldn’t we buy something from a store?’ said Grandpa George.

‘What with?’ said Grandma Josephine. ‘We don’t have any money!’

‘Money!’ cried Mr Wonka. ‘Good gracious me, don’t you go worrying about money! I’ve got plenty of that!’

‘Listen,’ said Charlie. ‘Why couldn’t we ask the helicopter to land on the roof of a big shop on the way over. Then you can all pop downstairs and buy exactly what you want!’

‘Charlie!’ cried Mr Wonka, grasping him by the hand. ‘What would we do without you? You’re brilliant! Come along everybody! We’re off to stay in the White House!’

They all linked arms and went dancing out of the Chocolate Room and along the corridors and out through the front door into the open where the big helicopter was waiting near the factory gates. A group of extremely important-looking gentlemen came toward them and bowed.

‘Well, Charlie,’ said Grandpa Joe. ‘It’s certainly been a busy day.’

‘It’s not over yet,’ Charlie said, laughing. ‘It hasn’t even begun.’

Hoe om iemand uit die bed te kry

“Ek is seker,” sê meneer Wonka en praat met oupa George, ouma Georgina en ouma Josephine, “ek is doodseker julle drie wil na dit alles uit die bed opspring en kom handgee met die Sjokoladefabriek se bestuur.”
“Wie, ons?” vra ouma Josephine. “Ja, julle,” sê meneer Wonka.
“Is jy gek?” sê ouma Georgina. “Ek bly net hier waar ek
is. Hierdie bed is lekker gemaklik, dankie!” “Ek stem!” sê oupa George.
Skielik is daar ’n beroering onder die Oempa-Loempas
aan die verste kant van die Sjokoladesaal. Daar is ’n opgewonde gebabbel en ’n gerondhardlopery en gewaai van arms, en uit dit alles verskyn ’n enkele Oempa-Loempa en hardloop na meneer Wonka toe met ’n groot koevert in sy hande. Hy kom tot reg by meneer Wonka. Hy begin fluister. Meneer Wonka buk laag af om te luister.
“Buite die fabriek se hekke?” roep meneer Wonka uit.
“Mans! … Waiter soort mans? … Ja, maar lyk hulle gevaarlil<2 … DOEN hulle iets gevaarliks?… En ’n wat?… ’N HELIKOPTER!… En die mans het daaruit geklim?… En dit vir jou gegee?…”

Meneer Wonka gryp die groot koevert en skeur dit vinnig oop en haal ’n opgevoude brief daaruit. Daar is
’n doodse stilte terwyl hy vinnig lees wat op die papier
staan. Niemand beweeg nie. Charlie begin bibber. Hy weet daar gaan iets aakligs gebeur. Hy kan die gevaar in die lug ruik. Die mans buite die hekke, die helikopter, die Oempa-Loempas wat so senuweeagtig is … Hy hou meneer Wonka se gesig dop, soek ’n leidraad, ’n verandering in sy uitdrukking wat vir hom sal sê hoe sleg die nuus is.
“Fluitende flotillas!” roep meneer Wonka uit en spring so
hoog in die lug op dat sy bene onder hom ingee wanneer hy land en hy op sy sitvlak val.
“Snorkende snosselvangers!” gil hy terwyl hy opstaan en die brief rondswaai asof hy muskiete verwilder. “Luister hierna, julle almal!

Luister net hierna!” Hy begin hardop lees:

DIE WITHUIS WASHINGTON

D.C.

AAN MNR. WILLY WONKA

MENEER

VANDAG JUBEL DIE GANSE NASIE, INDERDAAD DIE HELE WÊRELD, OOR DIE VEILIGE TERUGKEER VAN ONS VERVOERKAPSULE UIT DIE RUIMTE MET 136 SIELE AAN BOORD.
WAS DIT NIE VIR DIE HULP WAT HULLE VAN
'N ONBEKENDE RUIMTETUIG ONTVANG HET NIE, SOU HIERDIE 136 MENSE NOOIT TERUGGEKEER HET NIE. DAAR IS AAN MY GERAPPORTEER DAT DIE WAAGMOED WAT DIE AGT RUIMTEVAARDERS AAN BOORD VAN HIERDIE ONBEKENDE RUIMTETUIG AAN DIE DAG GELÊ HET MERKWAARDIG WAS. ONS RADARSTASIES HET HIERDIE RUIMTETUIG BY SY TERUGKEER AARDE TOE GEVOLG EN VASGESTEL DAT DIT OP 'N PLEK BEKEND AS WONKA SE SJOKOLADEFABRIEK
NEERGESTORT HET. DIT, MENEER, IS HOEKOM HIERDIE BRIEF BY U AFGELEWER WORD.
EK WIL GRAAG DIE NASIE SE DANK BETOON DEUR AL AGT DAARDIE ONGELOOGLIKE DAPPER RUIMTEVAARDERS UIT TE NOOI OM VIR 'N PAAR DAE NA DIE WITHUIS TE KOM EN HIER TE BLY AS MY GEËERDE GASTE.
EK REËL 'N SPESIALE FEESVIERING
VIR VANAAND IN DIE BLOUKAMER.
HIERTYDENS SAL EK PERSOONLIK MEDALJES VIR DAPPERHEID AAN DAARDIE AGT ONVERSKROKKE RUIMTEVAARDERS OORHANDIG. Al DIE BELANGRIKSTE PERSONE IN DIE LAND SAL HIERDIE GELEENTHEID BYWOON OM HULDE TE BRING AAN DIE
HELDE WIE SE DAPPER DADE VIR EWIG IN ONS
NASIE SE GESKIEDENIS OPGETEKEN SAL WEES. ONDER DIE GASTE WAT TEENWOORDIG SAL WEES, IS DIE VISEPRESIDENT (MEJUFFROU ELVIRA TIBBS), AL MY KABINETSLEDE, DIE HOOFDE VAN DIE LEÊR, DIE VLOOT EN
DIE LUGMAG EN AL DIE KONGRESLEDE, ASOOK 'N BEROEMDE SWAARDSLUKKER UIT AFGANISTAN WAT MY TANS LEER OM MY WOORDE TE SLUK OM ORDE TE SKEP (WAT JY DOEN, IS JY SLUK DIE EERSTE TWEE LETTERS IN EN SÊ DAN NET DIE VIER WAT OORBLY). WIE ANDERS KOM NOG? O JA, MY HOOFTOLK EN DIE GOEWERNEURS VAN AL DIE STATE IN DIE UNIE EN NATUURLIK MY KAT, MEVROU TAUBSYPUSS.
'N HELIKOPTER WAG VIR AL AGT VAN U
BUITE DIE FABRIEK SE HEKKE. EK PERSOONLIK WAG MET DIE GROOTSTE GRETIGHEID EN ONGEDULD VIR U KOMS NA DIE WITHUIS.

EK IS EN BLY, MENEER,

DIENSWILLIG DIE UWE

LANCELOT R. GILLIGRASS President van die Verenigde State
NS. BRING ASSEBLIEF VIR MY ’N PAAR WONKA FUDGEMALVAVINGERS SAAM. EK IS TOTAAI. VERSOT DAAROP, MAAR ALMAL HIER RONI) STEEL MYNE AANHOUDEND UIT MY LESSENAAR SE LAAI. EN MOENIE VIR NANNA SÊ NIB.

Meneer Wonka hou op lees. En in die stilte wat volg, kan Charlie mense hoor asemhaal. Hy kan hoor hoe hulle baie vinniger as gewoonlik asemhaal. En daar is ander dinge ook. Daar is soveel gevoelens en geesdrif en daar is soveel geluk en opwinding in die lug dat dit hom skoon duiselig maak. Ouma Joe sê eerste iets … “Jippieeeeee!” roep hy uit en vlieg oor die vertrek. Hy gryp Charlie se hande en hulle twee begin al met die sjokoladerivier se walle langs dans.
“Ons gaan, Charlie!” sing oupa Joe. “Ons gaan op die ou end toe tóg na die Withuis toe!” Meneer en mevrou Bucket begin ook dans en lag en sing, en meneer Wonka hardloop rond en wys die President se brief trots vir die Oempa-Loempas. Na ’n minuut of wat klap meneer Wonka sy hande vir aandag. “Komaan, komaan!” roep hy uit. “Ons moet wikkel! Ons moet wikkel! Komaan, Charlie! En oupa Joe ook! En meneer en mevrou Bucket! Die helikopter is buite die hekke! Ons kan hulle nie laat wag nie!” Hy begin hulle vier na die deur toe aanjaag.
“Haai!” skree ouma Georgina van die bed af. “Wat van ons? Ons is ookgenooi; moenie ditvergeet nie!”
“Daar het gestaan al agt van ons word uitgenooi!” roep ouma Josephine uit.
“En dit sluit my in!” sê oupa George.
Meneer Wonka draai om en kyk na hulle. “Natuurlik sluit dit julle in,” sê hy. “Maar ons sal daai bed onmoontlik nie in ’n helikopter kan kry nie. Dit sal nie by die deur inkom nie.”
“Jy bedoel … jy bedoel as ons nie uit die bed klim nie kan ons nie saamgaan nie?” vra ouma Georgina.
“Dis presies wat ek bedoel,” sê meneer Wonka. “Hou aan loop, Charlie,” fluister hy en stoot weer aan Charlie. “Hou aan deur toe loop.”
Skielik is daar agter hulle ’n geSWIESJ van komberse en lakens en ’n gePIENG van matrasvere soos wat die drie oumense almal saam uit die bed opvlieg. Hulle kom agter meneer Wonka aangenael en roep: “Wag vir ons! Wag vir ons!”
Dit is ongelooflik hoe vinnig hulle oor die groot Sjokoladesaal se vloer

hardloop. Meneer Wonka en Charlie en die ander staar hulle verstom aan. Hulle

spring oor voetpaadjies en oor bossies soos bokkies in die lente, met hulle kaal bene wat flits en hul nagkabaaie wat agter hulle opwapper. Skielik trap ouma Josephine so hard rem dat sy vyf tree
ver gly voor sy tot stilstand kom. "Wag!" skree sy. "Ons moet betjoings wees! Ons kan nie in ons nagklere na 'n spoggerige partytjie in die Withuis toe gaan nie! Ons kan nie half kaal voor al daardie mense staan terwyl die President vir ons die een medalje na die ander gee nie!"
"O'oo'ooo-oooo!" weeklaag ouma Georgina. "Wat gaan ons doenl"
"Het julle geen klere by julle nie?" vra meneer Wonka.
"Natuurlik nie!" sê ouma Josephine. "Ons was twintig jaar lank nooit uit daai bed nie!"
"Ons kan nie gaan nie!" kerm ouma Georgina. "Ons sal hier moet bly!"
"Kan ons nie iets by 'n winkel koop nie?" vra oupa
George.
"Waarmee?" sê ouma Josephine. "Ons net nie geld nie! "
"Geld!" roep meneer Wonka uit. "Goeie genadenugtig, moenie julle oor geld bekommer nie! Ek het hopel"
"Luister," sê Charlie. "Hoekom vra ons nie die helikopter om op pad soontoe op 'n groot winkel se dak te land nie? Dan kan almal af ondertoe gaan en koop presies wat hulle wil hê!"
"Charlie!" roep meneer Wonka uit en gryp hom aan die
hand. "Wat sou ek sonder jou gedoen het? Jy's briljant! Kom saam, almal! Ons gaan bietjie in die Withuis kuier!"
Hulle haak almal by mekaar in en gaan al dansende by die Sjokoladesaal uit en met die gange af en by die voordeur uit tot by die oop stuk grond waar die groot helikopter naby die fabriekhekke wag. 'n Groep mans wat baie belangrik lyk, loop hulle tegemoet en buig beleefd.
"Maggies, Charlie," sê oupa Joe. "Dit was sowaar 'n
besige dag."
"Dis nog nie verby nie," sê Charlie en lag. "Dit het nog nie eens begin nie."

*

Roald Dahl was born in 1916 in Wales of Norwegian parents. He was educated in England before starting work for the Shell Oil Company in Africa. He began writing after a 'monumental bash on the head' sustained as an RAF fighter pilot during the Second World War. Roald Dahl is one of the most successful and well-known of all children's

writers. His books, which are read by children the world over, include James and the Giant Peach, Charlie and the Chocolate Factory, The Magic Finger, Charlie and the Great Glass Elevator, Fantastic Mr Fox, Matilda, The Twits, The BFG and The Witches, winner of the 1983 Whitbread Award. Roald Dahl died in 1990 at the age of seventy-four.